# EERSTE TREË IN DIE ONTWERP VAN 'N GEREFORMEERDE LITURGIESE SIMBOLIEK[1]

M U Strauss[2]


## Opsomming

Hierdie artikel wil die noodsaak van die gebruik van simbole in die erediens binne 'n gereformeerde liturgiese tradisie onderstreep. Daar word aangetoon dat die tyd waarin ons leef 'n herbesinning oor die gebruik van simbole in die erediens 'n dringende prioriteit maak. Die moontlikhede wat die gereformeerde liturgie bied, word beskou. Norme wat gebruik kan word in die bepaling of simbole bruikbaar is in die gereformeerde erediens, word beskryf. Die slotsom waartoe gekom word is dat die gereformeerde liturgie ruimte bied vir die ontplooiing van verskeie vorme van simboliek.



## Summary

This article seeks to emphasize the use of symbols within the worship service in a reformed liturgical tradition. It points out that the times in which we live have made a reassessment of the use of symbols a pressing priority. The possibilities offered by reformed liturgy are scrutinized. Norms which can be used in determining the usefulness of symbols in reformed worship service are described. The conclusion reached is that reformed liturgy offers scope for the utilization of various forms of symbolism.


## 1 INLEIDEND

Wanneer in die gereformeerde Liturgiek nagedink word oor die gebruik van simbole in die samekoms van die gemeente, moet gewaak word teen die ongebalanseerde standpunt dat dié tradisie enige simboliek mis in die erediens. Daar is tog heelwat simboliek in die samekomste van gemeentes binne gereformeerde liturgiese tradisie:

1 Hierdie artikel is 'n aangepaste en bygewerkte weergawe van 'n subtema uit die skrywer se ongepubliseerde DTh-proefskrif, getiteld Die inrigting van die erediens in 'n makrogemeente binne gereformeerde liturgiese tradisie (UOVS, 1994).

2 Dr. M.U. Strauss, Ned. Geref. Kerk Langenhovenpark, Posbus 25143, Langenhovenpark 9330.

- Daar is die gebare van die liturg by die seëngroet en die seën.
- Daar is die stilword op die kanseltrappies deur die prediker.
- Die oë word gesluit en hoofde gebuig by die gebed.
- Die breek van die brood en die skink van die wyn by die nagmaal is simbolies.
- Die doophandeling met die water as simboliese middel.
- So ook die gebaar van die oop kanselbybel.

Ongelukkig moet ook gesê word dat dié simboliek verslete geraak het. Die *soberheid* ten opsigte van simbole en kunsvorme in die gereformeerde erediens, wat kenmerkend was van die sestiende-eeuse reformatoriese liturgiese ideale (Strauss:98), het verander in totale *armoede*.

## 2 DIE REDES VIR DIE GEBREKKIGE SIMBOLIEK IN DIE GEREFORMEERDE LITURGIESE TRADISIE

Min mense weet dat Calvyn 'n voorstander was daarvan dat die gemeente neerkniel by die gebed as 'n teken van eerbied en nederigheid voor God. Ook die ophef van hande, as 'n simbool van vertroue in en 'n brandende verlange na God, het hy 'n heel Bybelse gebaar gevind. Beide simboliese handelinge moes volgens hom, egter met 'n egte innerlike houding van nederigheid en verlange gepaard gaan (Brienen 1992:110). Hy was wel gekant teen die knielende ontvangs van die brood en wyn, omdat dit herinner aan die aanbidding van die elemente deur die die Rooms-Katolieke, asof hierdie elemente Jesus self bevat. Is dit om hierdie rede dat alle simboliese gebare van kniel en ophef van hande later uit die gereformeerde tradisie verdwyn het?

Nog 'n rede vir die simboolarmoede in die gereformeerde liturgiese tradisie is die feit dat die universele Christelike kerk, nie net die gereformeerdes nie, gekapituleer het voor die Aufklärung se neiging tot sogenaamde wetenskaplike objektiwiteit en intellektuele kommunikasie. Dit het gelei tot die geringskatting van die mens se behoefte om sy gevoelens ook simbolies uit te druk. Die gevolg was dat die gereformeerde erediens in die praktyk verval het tot 'n "rasioneel-didaktiese, grootliks monologiese preekdiens, met die nagmaal as insidentele aanhangsel" (Strydom 1994:voorwoord).

## 3 DIE BEHOEFTE AAN HERBESINNING OOR SIMBOLE IN DIE EREDIENS

In 'n tyd van sekularisme en materialisme in die breedste sin van die woord - waarin dit al hoe moeiliker word om God werklik te ontmoet - is dit dringend noodsaaklik dat besin sal word watter waarde liturgiese simboliek kan hê om mense te lei tot 'n ware ontmoeting met God in die erediens. Die moderne gemeenskap (veral die eerste-wêreldse gemeenskappe) is oudio-visueel ingestel vanweë die invloed van televisie. In die inkleding van die eredienste wat hierdie gemeenskappe bedien, sal hiermee rekening gehou moet word. Die estetiese sy van die gereformeerde erediens moet uitgebou word. Die volgende stelling van Babin (1991:110) verdien ernstige aandag: "One of the most important tasks in education today is to develop religious sensitivity to beauty".

Die slotsom waartoe Burger (1995:75) kom dat "... rituele en simbole ter aanvulling van die Woord en die amp ons - veral in oorgangstye - kan help om sinvoller en meer konstruktief met God te leef", verdien deeglike besinning van die gereformeerde Liturgiek. In 'n tyd van wegkalwende verstaansraamwerke word die behoefte aan simbool en ritueel soveel groter om die mens te help om die teenwoordigheid van God te beleef en in verwondering en aanbidding daarmee te leef.

Dit is interessant om daarop te let dat binne die Rooms-Katolieke kerk ook 'n groeiende misnoeë te bespeur is met die gebrek aan simboliek en met die inkruip van iets minderwaardigs in hulle liturgiese tradisie. Nocent (1980:20) beskryf dit kostelik: "There is some excuse for repugnance to a liturgy based on 'court etiquette' and for the lack of enthusiasm for a romantic and mock-Cluniac reform. Such feelings are authentic enough and go with a certain ideal of poverty, but they do not justify certain colloquialisms that verge on the vulgar: the replacement of 'The Lord be with you' by 'Good morning, everybody', which is a paternalist adaption if ever there was one..." Die aanhaling word so volledig weergegee om twee stellings te begrond:

- Dieselfde liturgiese vraagstukke leef dikwels in die Rooms-Katolieke en gereformeerde liturgiese tradisies. Die aanhaling van Nocent sou net sowel op die eredienste in sommige gereformeerde kringe van toepassing gemaak kan word.

- Dus kan met groot vrug geput word uit die baie navorsing wat in die Rooms-Katolieke Liturgiek gedoen is rondom die onderwerp van liturgiese simboliek.

## 4 DIE WAARDE VAN SIMBOLE IN DIE EREDIENS

Die gebruik van simbole het besliste waarde.

4.1 Dit be-teken die onsigbare op sigbare wyse.

4.2 Dit dien as 'n herkenningsteken. 'n Mens dink hier aan die gebruik van geykte geloofsbelydenis-formules onder die Christene van die vroeë kerk, asook die latere gebruik van die teken van die vis.

4.3 Dit dien as 'n herinneringsteken. Die kruissimbool laat mense altyd weer onthou van Jesus Christus se dood aan die kruis.

4.4 Simbole het objektiewe en subjektiewe betekenisse. Objektief wys 'n simbool na 'n objek buite sigself. Die simbool van die kruis wys bv. op die versoening in Jesus Christus. Maar die simbool het ook subjektiewe betekenis vir die persoon wat dit sien. Die kruissimbool kan bv. lof aan God, dankbaarheid of skuldbelydenis oproep by verskillende indiwidue.

4.5 Dit rig ons aandag en verering op God. Daar steek 'n hoë mate van waarheid in Hoenderdaal (1977:83) se standpunt dat die gebrek aan waaragtige aanbidding in die Protestantse erediens, toe te skryf is aan die gebrek aan 'n "middelpunt waartoe men deze aanbiding zou kunnen richten". Natuurlik word hier nie 'n vorm van afgodery of beelde-aanbidding bepleit nie en natuurlik is dit so dat die Woord sentraal in die erediens is. Daarom word ook nie 'n uitskuif van die kansel na die kant toe bepleit nie. Die vraag word alleen maar gestel: Is daar nie die moontlikheid om in ons eredienste 'n Christelike simbool (moontlik 'n kunswerk) so op te stel dat dit ons tot 'n konsentrasie van ons aanbidding tot God kan lei nie? Is dit nie wat met kanselklede bedoel is nie en kan dié moontlikheid nie verder uitgebou word nie?

4.6 Die gebruik van simbole betrek die totale mens in aanbidding. Die misbruik van simbole in die middeleeue het gelei tot reaksionêre klem

op die spirituele in die erediens. Liturgie het egter ook 'n fisiese kant. Die mens in die erediens het nie net spirituele behoeftes nie, maar ook fisiese, emosionele en estetiese behoeftes. Dit is hierdie behoeftes wat aangespreek kan word deur die gebruikmaking van simboliek in die erediens.

## 5 DIE VOORWAARDES VIR SINVOLLE GEBRUIK VAN SIMBOLE IN DIE GEREFORMEERDE EREDIENS

Die gereformeerde liturgiese tradisie is ryk aan tipiese eiendomlikhede (Strauss 1994:96 ev). In die oorweging van 'n gereformeerde liturgiese simboliek moet met hierdie eiendomlikhede rekening gehou word. 'n Eietydse *gereformeerde* gebruik van simbole moet daarop gerig wees om hierdie kenmerke te ontplooi. Nie enige simbool is dus geskik vir gebruik in die gereformeerde erediens nie. Sorgvuldige oorweging sal gegee moet word aan 'n simbool voordat dit in die samekoms van die gemeente gebruik kan word. Van die kriteria wat aangelê kan word, is die volgende:

5.1 Die simbool mag nooit 'n doel op sigself word nie. Iets is nie noodwendig geskik vir die erediens net omdat dit mooi is nie. Dit sou aanleiding kon gee (en het trouens in die geskiedenis aanleiding gegee) tot 'n valse estetisisme. Die simbool moet altyd heenwys na... Die reformatoriese "soli Deo gloria" mag nooit swig voor 'n humanistiese "solae aestheticae gloria" (Marti 1978:40) nie.

5.2 'n Duidelike relasie tussen die simbool en die lewe en werk van Christus moet altyd blyk uit die gebruik van die simbool. 'n Simbool is in die gereformeerde liturgie slegs diensbaar as dit die gemeente lei tot 'n ontmoeting met die " Woord wat mens geword het en onder ons kom woon het" (Jh 1:14). Enige simbool wat die aandag van die gemeente van Hom weglei moet uit die erediens geweer word.

5.3 Wat Strydom (1994:70) noem "die begrippegroep eenvoud, nugterheid, matigheid en verstaanbaarheid" kan hier instemmend bygetrek word. Dié vier begrippe is normatief vir 'n gereformeerde liturgiese simboliek. Die simbole wat in die gereformeerde samekoms van die

gemeente gebruik word, sal eenvoudig en ongekunsteld wees en nié ornamenteel en ingewikkeld nie. Dit sal ook nugter wees en nié sentimenteel en mistiek-verheerlikend nie. Matige simboliek sal daardeur gekenmerk word dat dit nie oordadig en opgesmuk is nie. Dit sal verstaanbaar en deursigtig wees sodat dit direkte trefkrag kan hê.

5.4 Hoon (1971:248) spreek die probleem van teologiese integriteit aan wanneer hy handel oor die rol van kuns in die erediens. Daarmee bedoel hy dat simbole in die erediens eg eie moet wees aan die kulturele milieu waaruit dit opkom. Dit sou van 'n gebrek aan teologiese integriteit spreek as slegs simbole wat romantiese of klasieke eienskappe het in die erediens van die twintigste eeu gebruik word.

5.5 Aansluitend by die norm van teologiese integriteit; moet ook dié van eerbiedwaardigheid genoem word. In die besluit of 'n simbool in die erediens gebruik mag word, moet rekening gehou word met die vraag of dit pas by die geleentheid en plek. Rookmaker (1970:238) druk die implikasies van dié norm soos volg uit: "You are not going to paint Christ on the cross in the style of a cartoon".

5.6 Die simbool moet sosiaal erken en verstaan word. Dit het geen waarde as simbole wat nie verstaan word nie, ter wille van die tradisie maar in stand gehou word.

5.7 Dit moet altyd onthou word dat die betekenis en waarde van simbole kan afslyt en dat simbole in sommige gevalle 'n beperkte gebruikstyd het. Dus moet kreatiwiteit aan die dag gelê en voortdurend nuwe simbole ontgin word.

## 6 UITBOUING VAN SPESIFIEKE LITURGIESE SIMBOLE

### 6.1 Simboliek van liggaamlike beweging

Sedert die sestigerjare van dié eeu is daar in die liturgie nuwe belangstelling in liggaamlike beweging in die erediens. 'n Faktor wat hiertoe bygedra het, is teoloë se herontdekking van die mens. Meer klem het in die teologie begin val op die antropologiese aspek van geloof en dit het noodwendig neerslag gevind in die liturgiese vormgewing. 'n Ander

bydraende faktor is die ontwaking, groei en gevolglike invloed van die sogenaamde *jong kerke* in Afrika en Suid-Amerika. Hierdie kerke maak, vanweë hulle kulturele erfenis, baie van dans en liggaamlike beweging in die liturgie gebruik.

Aangesien Afrikaanse kultuurgeskiedenis eintlik spreek van 'n armoede aan spontaneïteit en liggaamlike uitdrukking, behoort meer moeite met die simboliek van liggaamlike beweging in die erediens gedoen te word. Neerkniel as 'n vorm van eerbied in gebed kan aangemoedig word. Nuwe kerkgeboue kan so ontwerp word dat knielbanke deel van die struktuur uitmaak.

Die staan by die aanhoor van die Woord - as teken van respek en as aanduiding dat die gemeente gereed is om die Woord te gehoorsaam - kan gebruik word. Hoenderdaal (1977:84) skryf dat om te staan, 'n bewys is dat 'n mens gereed is vir aksie. Om te staan wanneer die Woord van die Here aangehoor word, is dus simbolies daarvan dat die gemeente nie net hoorders van die Woord is nie, maar ook daders.

Moeite moet gedoen word om lidmate van die gereformeerde kerke die simboliek van die ophef van hande tydens die aanbidding van God te laat verstaan en hulle te laat insien dat dit nie 'n bloot sogenaamde sektariese gebruik is nie, maar 'n Bybelse. Die aangrypende simboliek van "Ek strek my hande uit in gebed na U toe" (Ps 143:6) behoort weer in die gereformeerde liturgie herstel te word. Dit behoort nie aan die Pinkstergroepe oorgelaat te word nie. Natuurlik moet die gebaar nie verhef word tot 'n noodsaaklike voorwaarde vir egte aanbidding nie en mense moet nie gedwing voel om die simboliese handeling uit te voer nie.

'n Vernuwing van die liturgie wat eksklusief besig is met vernuwings ten opsigte van woorde en musiek, maar wat nie rekening hou met 'n derde belangrike dimensie, naamlik dié van beweging nie, sal nooit werklik 'n deurbraak maak nie. Die liggaamlike aspek van mens-wees is te belangrik om te ignoreer.

### 6.2 Simboliek van kunsvorme

Die proklamering en viering van die geloof in die liturgie is oneffektief en selfs kontra-effektief as dit nie die diepste wese van die mens ontroer nie. Dit kan alleen, of ten beste bereik word deur 'n vorm van estetiese ervaring. Die erediens is ook 'n holistiese gebeure. Dit is nie 'n gebeurtenis wat slegs 'n deel van die mens raak nie. Die gereformeerde mensbe-

skouing was nog altyd dat die mens nie in kompartemente verdeel kan word nie en dat nie net 'n mens se siel met sy verhouding tot God te doen het nie. In sy aanbidding van God is hy dus ook as totale wese betrokke. Dus is daar ook 'n estetiese sy wat in die erediens op ontginning wag. In die Reformasie is weliswaar weggedoen met die oordadige en estetisistiese kunswerke van die Roomse-Katolieke tradisie, maar dit beteken nie dat liturgie nie 'n estetiese sy, en dat kuns nie 'n plek in die erediens behoort te hê nie.

In moderne liturgiese kringe word kleuresimboliek op allerlei wyses gebruik. *Wit* dui op feestelikheid en word tydens Kers- en Paasfees gebruik. *Pers* dui op ingetoënheid en inkeer en is prominent tydens die Advents- en lydensweke. *Rooi* dui op die vurigheid van die Gees en word tydens Pinkstertyd gebruik. *Groen* dui op lewe en hoop op 'n nuwe skepping. Dit word dus gebruik tussen Pinkster en Advent. Dit is natuurlik in die noordelike halfrond die groen somertyd. Van kleuresimboliek kan met groot vrug meer gemaak word in die gereformeerde erediens.

Kunstenaars moet aangemoedig word om, met die gawes wat hulle ontvang het, by te dra tot die ontmoeting tussen God en Sy gemeente. Visuele kuns is 'n weg waardeur God se liefde en verlossing in die erediens uitgedruk en beleef kan word - mits die norm soos deur Gaddy (1992:151) gestel, toegepas word: "To be beneficial in worship, art, like all other ingredients in a service, must serve the purpose of worship en not seek to take worship captive in order te serve itself".

6.3 Simboliek van spel.

Narratiewe liturgie, die verhalende belewing van God se groot dade met Sy volk en kerk in die gang van die geskiedenis is 'n wyse van aanbidding wat nadenke en simpatieke oorweging in gereformeerde gemeentes verdien. Die Woord hoef mos nie altyd net voorgelees te word nie. Soms kan dit ook voorgespeel word.

Op 'n Paassondag kan die Skrifgedeelte wat handel oor die engel wat die vroue by die graf ontmoet, dramaties maar getrou aan die Skrifteks voorgespeel word.

Die spel mag nie die ander elemente oorheers nie. Waaraan behoefte bestaan, is kort, kernagtige spelgedeeltes uit die Skrif, wat aansluit by die Skriflesing.

# 7 SLOTOPMERKINGS

Die gereformeerde liturgiese tradisie was uit die staanspoor nie-formalisties (Strauss 1994:84 ev). Wanneer vasgeval is in formaliteite en die rigiede navolging van geykte, historiese wyses van erediensinkleding - soos wel in die geskiedenis van die gereformeerde erediens voorgekom het - was dit dus teen die bedoeling in van die Reformatore en teenstrydig met die wese van die gereformeerde liturgie.

Daarom sal daarteen gewaak moet word dat liturgiese vernuwing - ook op die gebied van die gebruik van simbole - nooit in formalisme verval nie. 'n Soort vernuwing wat bloot op soek is na nuwe vorme van aanbidding, sal nie deug nie. Liturgiese vernuwing gaan hand aan hand met die verandering van die totale mens. Die vernuwing van die erediens is in die gereformeerde sin van die woord eintlik onmoontlik as dit nie gepaard gaan met, en begelei word en gedra word deur die vernuwing van die mens nie.

Hoenderdaal (1977:15) gee ons 'n nuttige sleutel tot begrip van die verhouding vorm - vernuwing. Volgens hom moet in drie konsentriese sirkels gedink word oor liturgiese vorms. In die geskiedenis kan drie bewegings in die veranderingsproses van alle dinge waargeneem word, naamlik

- langsame, strukturele veranderinge wat te doen het met die diepste wese van dinge,
- mediumbestek- of konjunkturele veranderinge wat met kultuurpatrone te doene het en
- onmiddellike, dag-tot-dag-veranderinge wat met mode te doene het.

Op die liturgie toegepas, sou ons dit soos volg kon stel: Die diepste oortuiging van die Christelike gemeenskap, soos vervat in aanbidding en verering van God, vind struktureel neerslag in vorme wat aan kultuurpatrone gebonde is en dus kan wissel. Dit word uitgedruk in die daagliks wisselbare, soos liedere, kleredrag ens. By liturgiese vernuwing moet dus gevra word: Waaraan torring ons nou? Die laasgenoemde soort vorme, naamlik die daagliks wisselbare, kan en moet ook makliker verander word. Dit mag nie verwar word met die kultuurpatroonveranderinge, wat nie so maklik aangebring kan word nie. Trouens, hierdie soort veranderinge geskied eintlik vanself met verloop van tyd. Dit mag egter

weer nie verwar word met die eersgenoemde, strukturele aspekte nie. Die wesentlike dinge mag nooit verander nie.

Op basis hiervan moet die gereformeerde liturgie altyd besig wees met 'n soeke na nuwe vorme en simbole - terwyl die eer van God en die behoeftes van die geloofsgemeenskap steeds voor oë gehou word.

# Bibliografie

BABIN P

1991. *The new era in religious communication.* Minneapolis : Fortress Press.

BURGER C

1995. *Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleethede in 'n oorganstyd.* Kaapstad : Lux Verbi.

BRIENEN T

1992. *Oriëntatie in de liturgie.* Zoetermeer : Boekencentrum.

GADDY C W

1992. *The gift of worship.* Nashville : Broadman Press.

HOENDERDAAL G J

1977. *Riskant spel. Liturgie in een geseculariseerd wereld.* 's-Gravenhage : Boekencentrum.

HOON P W

1971. *The integrity of worship.* Nashville : Abingdon.

MARTI A

1978. Gottesdienst - warum und wozu? *Musik und Gottesdienst.* 32:3, 37-42.

NOCENT A

1980. Gestures, symbols and words in present-day western liturgy, in Maldonado, L & D Power (ed). *Symbol and art in worship.* Edinburgh : Clark.

ROOKMAKER H R

1970. *Modern art and the death of a culture.* Illinois : Inter-varsity Press.

STRAUSS M U

1994. *Die inrigting van die erediens in 'n makrogemeente binne gereformeerde liturgiese tradisie.* Ongepubliseerde DTh-proefskrif. Bloemfontein : UOVS.

STRYDOM W M L

1994. Besinning rondom die ontwerp van 'n Protestants-himnologiese estetika. *Acta Academica.* Supplementum 1. Bloemfontein : UOVS.